## Jesus Christus is die uiters verhewene!

**Maandag 6 Junie 2022**

**Kol 1:3,4**

**3** "Wanneer ons tot God, die Vader van ons **Here Jesus Christus,** bid, dank ons Hom altyd vir julle **4**
omdat ons gehoor het van julle geloof in **Christus Jesus** en van julle liefde vir al die gelowiges."

Ons gaan vir die volgende paar weke die boek Kolossense behandel. Dit sal goed wees as u die kort boek in die Nuwe Testament van 4 hoofstukke 'n paar maal deurlees.

Nou deur die boek handel dit oor Jesus Christus as die Uiters Verhewe Seun van God.
Die drie hooftemas in die boek handel oor:

- Jesus Christus, die uiters verhewene word opnuut geopenbaar.
- Jesus Christus die uiters verhewene word verdedig.
- Jesus Christus die uiters verhewene se werk word toegepas in ons lewens.

Nou mag dit baie vreemd klink om 'n oordenking te doen vir Christene oor Jesus Christus in wie ons glo. Ons ken Hom mos. Hy is die Eniggebore Seun van God. Hy is gebore in 'n krip in Betlehem, Hy het opgegroei as die Seun van Josef en Maria, Hy het wonderwerke gedoen, Hy is gekruisig en begrawe. Hy het opgestaan en opgevaar na die hemel. Hy het vir ons sondes betaal.

- **So wat moet ons nog meer weet?**

Maar juis dit kan die probleem wees…Ons kan so die Bybel ken en wat Jesus alles gedoen het dat ons nie meer besef wie en wat Jesus Christus werklik is nie. Ons kan so maklik aards van Hom begin dink. Ons kan so maklik familiêr met Hom raak, dat ons nie meer besef:
Hoe groot…Hoe almagtig,.. Jesus Christus is nie.

- Want Hy is self God.

Hoe moet ons oor Jesus dink? Jesus Christus is in belangrikheid, die Eerste.

- Eerste in belangrikheid.
- Eerste in eer.
- Eerste op die aarde.
- Die Enigebore Seun van God.
- Self God.
- Hoof van die hele kerk, maw van alle christene in alle christelike kerke deur al die eeu heen.

Ons moet oor Jesus dink as die Vooraanstaande Seun van God, die Uitstaande Seun van God, Verhewe bo alles op aarde, Sittend aan die Regterhand van God, die ereposisie en op aarde is Hy die Hoof van die kerk.

- ➢ **Hoekom is dit belangrik om so oor Jesus te dink?**

Want met die internet en globalisasie is daar 'n klomp filosofiese en religieuse denkrigtings wat ook oor ons spoel. Daar is soveel mooiklinkende gedagtes en gelowe wat met die verstand beredeneer en uitgeredeneer en aan ons voorgehou word. Dit kan 'n christen wat nie aan Jesus Christus dink as Ontsettend groot en Almagtig nie, verward laat word.

**Hoe moet ons dan aan Jesus Christus dink?**

**<u>Kol 1:15</u>**

"Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie.
Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping."

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: <u>gskruger1@gmail.com</u>***